



Verwysing: 20160129-7170

14/7/1/2

Navrae: TJ Magwaca

Asseseringsbestuursminuut: 0002/2016

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteur, Direkteur (Hoofkantoor en Onderwysdistrikskantore), Adjunk-direkteur, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumkoördinerings- en -advies, Kurrikulumadviseurs, Kringbestuurders, Bestuurder: Strategiese Inligting, Beheer en Mensbestuur, Adjunkhoofonderwyskundiges, Asseseringskoördineerders en hoofde van alle opvoedkundige inrigtings wat kandidate voorberei vir die Nasionale Senior Sertifikaat en Senior Sertifikaat-eksamens

#### Onderwerp: Eerste konseproosters:

##### 1. Junie 2016 Senior Sertifikaat-eksamen

##### 2. November 2016 Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen

1. Afskrifte van die **eerste konsepte** van die roosters vir die volgende eksamens is [aangeheg](#): Junie 2016 Senior Sertifikaat-eksamen en 2016 November Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen.
2. Die datums waarop die eksamens geskryf sal word, is bepaal deur die Departement van Basiese Onderwys (DBO) in samewerking met die Provinsiale Onderwysdepartemente (POD's). Die roosters mag effens verander indien 'n botsing deur enige van die POD's gerapporteer word.
3. Prinsipale en sentrumbestuurders word versoek om alle roosterbotsings of vakke wat op die rooster uitgelaat mag wees, te rapporteer aan die WKOD. Sodanige verslae moet skriftelik **voor Maandag, 29 Februarie 2016** ingedien word by die volgende amptenaar:

**Mnr TJ Magwaca (Kamer 5-27)**

**Wes-Kaap Onderwysdepartement**

**Privaatsak X9114**

**KAAPSTAD**

**8000**

**Faks: 086 668 9761 / 021 467 9370**

**E-posadres: [Tebo.Magwaca@westerncape.gov.za](mailto:Tebo.Magwaca@westerncape.gov.za)**

4. Indien 'n prinsipaal of sentrumbestuurder die verskuiwing van 'n vak of vraestel vanaf die bepaalde datum versoek, moet hy of sy die datum voorstel waarop daardie vak of vraestel geskryf kan word en die WKOD voorsien van die motivering vir die verlangde verskuiwing. Die verskuiwing van 'n vak of vraestel sal egter slegs oorweeg word indien dit nie 'n negatiewe impak sal hê op die meeste kandidate wat deur die verskuiwing geraak word nie.
5. Daar moet in gedagte gehou word dat hierdie **voorlopige** roosters is wat onderhewig is aan verandering. Die **finale eksamenroosters** sal gestuur word aan alle inrigtings sodra hulle goedgekeur is deur die Raad van Onderwysministers.
6. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle kandidate wat enigeen van die bogemelde eksamens sal skryf.

**GETEKEN:** BK SCHREUDER

**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**

**DATUM:** 2016-02-23